



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die negende verslag vanjaar.

Politiek

- Die temperature in die plaaslike woongebiede bly hoog en die TV beelde herinner aan die toestande voor die 1994 verkiesing. Dis ontstellend en laat mens wonder hoeveel tyd die nuwe regering gegun sal word om wel die beloofde dienste te lewer? Hopelik sal die nuwe kragdadigheid van die polisediens met die nodige opleiding gepaard gaan en sal hulle alles – ook die militêre stakers – onder beheer hou.
- Dat mens nou nie meer die melk van die koeie van Zimbabwe se presidentsvrou mag verwerk nie – wat word nou van die koeie? Gelukkig kon die president van die land weer bietjie rondreis en met goeie vriende in Venezuela oor ontwikkeling in sy land gesels.
- Sal Afghanistan nou nog 'n wêreldmoondheid of twee bloedneus gee? Dit wil voorkom asof die VSA en sy bondgenote al hoe meer ingesuij word in hierdie onherbergsame bergwêreld wat wel goeie papawersaad lewer. Kan die terroristegroepe hier en in Pakistan werklik onder beheer gebring word sonder dat baie meer geld en bloed vloei? Waar word die terroristegroepe uiteindelik gestop?
- Irakse stede bly onrustig.
- Intussen sukkel Iran steeds om die res van die wêreld te laat glo dat hulle net vreedsame kernkrag wil ontwikkel nieëstaande allerlei satellietfoto's.
- Terwyl Guinee alles onder beheer hou, bly Somalië onregeerbaar.
- Die Obama administrasie sukkel tans om kiesers te laat glo dat hulle die gesondheidsorgoplossing vir almal het, tewel besluite oor Afghanistan en 'n paar ander moeilikhede soos die tekort op die begroting, die lewe nie juis makliker maak nie. Wie wil nou president wees?
- Daarteenoor kan Angela Merkel dalk nou rustiger slaap met die Vrye Demokrate wat saam met haar sal poog om die Duitse ekonomie weer op koers te kry.

Internasionaal

- Die Groep van 20 (G-20) sal nou volgens hul mediavystellings al die probleme van die wêreld oplos en sorg dat dit nie weer gebeur nie! Ek twyfel egter of 20 lande makliker

en gouer sal kan saamstem oor probleme en die oplossings daarvoor as die agt lande van die Groep van 8. Hou maar in gedagte dat daar geen belang is soos eiebelang nie.

- Volgens die mediavrystellings sal die wanbalanse wat tans in die wêreld bestaan, reggestel word deurdat China nou meer sal verbruik en die Amerikaners meer sal spaar. Dis sekerlik 'n baie edele voorneme, maar die uitvoering daarvan sal beslis nie oornag kan gebeur nie. Sedert die kredietkrisis net meer as 'n jaar gelede begin het, het die Amerikaners wel baie meer begin spaar, maar die jongste vlak van 4.7% is nog nie naastenby die vlak van die sewentiger en tagtigerjare nie. Daarteenoor is die Chinese bevolking se verbruiksbesteding tans heelwat hoër as 'n dekade of wat gelede, maar die deursnee verbruiker wil steeds sorg vir voldoende voorsiening vir onderwys, gesondheidsorg en pensioene deur te spaar. Hierdie veranderende tendense sal voortgesit word, maar dit sal jare neem om die wanbalanse tussen hierdie twee moondhede reg te stel.
- Ek is steeds van mening dat die wêreld ekonomie eers behoorlik op dreef sal kom wanneer die VSA verbruiker voldoende vertrouwe het om meer te bestee. Hulle is teweens vir sowat 18% van die totale verbruik van die wêreld verantwoordelik teenoor die sowat 3% van die Chinese verbruiker. Die Amerikaanse verbruiker se vertrouwe hang saam met 'n verbetering van indiensneming – wat gedurende 2010 na vore kan tree – asook 'n herstel van eiendoms- en ander bates se waardes.
- Wat verder uit die G-20 na vore kom, is dat regerings baie versigtig sal wees om nie enige aksies te vroeg te neem wat die huidige matige verbetering van groei kan nek omdraai nie. (Daar was wel geen sentrale bankier by die vergadering nie, maar dit kan aanvaar word dat hierdie instansies ook nie te vroeg sal reageer op tekens van sterker groei of inflasie nie.)
- Die gevolgtrekking is dat die groot somme geld wat tans deur regerings geormerk word om aan infrastruktuur of ondersteuning van sekere sektore van die ekonomie bestee te word, nie spoedig onttrek sal word nie. Begrotingstekorte sal dus aan die orde van die dag bly. Terselfdertyd sal sentrale banke nie oornag ophou om allerlei papierbates te koop en sodoende geld in die finansiële stelsel in te pomp nie. Korttermynrentekoerse sal nie gou verhoog word nie en langtermynkoerse word laag gehou.

- Banke sal nog geruime tyd huiwerig wees om weer krediet vryelik beskikbaar te stel aan persone en maatskappye. Nogtans behoort likiditeit in die wêreld finansiële markte geruime tyd op 'n hoë vlak te bly. Intussen sal spekulante en beleggers steeds op soek wees na geleenthede waar hulle 'n goeie opbrengs op beskikbare fondse kan kry. Afhangende van die bui of sentimente sal fondse "spoel" van aandele na kapitaalmarkte of kommoditeite. Die eiendomsmarkte kan ook fondse lok, maar hierdie beleggings is nie likied genoeg sodat spelers in hierdie mark vinnig kan beweeg nie. Die renteopbrengs in die internasionale geldmarkte is ook in die meeste gevalle te laag om beleggings te lok, maar sal wel benut word om geld te leen om in ander markte te gaan speel. My indruk is dat hierdie toestand tot baie onstabiele sal lei totdat spekulante en beleggers duidelike sienings sal hê oor toekomstige neigings.
- Die aanduidings is dat reële groei in die groot nywerheidslande baie stadig en met stampe en stote weer op dreef sal kom. Die sterk groei wat sedert die begin van die eeu tot en met 2007 ervaar is, is eers van die baan. Groei sal wel in die tweede helfte van 2009 en in 2010 beter wees as die afgelope jaar. Groei in lande soos China en Indië sowel as in ander Asiatiese lande sal heelwat sterker wees, maar steeds afhanklik van regeringstimuluspakette en uitvoere.
- Inflasie is nie 'n probleem nie en behoort in die volgende jaar steeds nie 'n probleem te wees nie.
- Langtermynrentekoerse word beïnvloed deur groei- en inflasieverwagtings en bly tans baie laag. Mettertyd sal hierdie koerse wel beïnvloed word deur die baie groot begrotingstekorte van lande, die gepaardgaande vraag na befondsing asook die verwagte inflasie styging.
- Algemene kommoditeitspryse is sedert die einde van verlede jaar, maar veral vanaf Maart deur sterk Chinese aankope ondersteun. Hierdie aankope is gedoen weens die regering se stimuluspakket van \$586 miljard, die behoefte om voorrade aan te vul, die feit dat pryse laag was en daar 'n behoefte was om vanuit dollarbates te diversifiseer. Of hierdie tendens in die res van die jaar en in 2010 teen dieselfde tempo voortgesit kan word, bly 'n tergende vraag. Eintlik is die aanduidings dat dit nie volgehou kan word nie! In die langer termyn sal kommoditeitspryse egter styg omdat daar tans te min investering plaasvind om voldoende landbou- en mynboukommoditeite te voorsien.

- Die goudprys is die afgelope paar weke weer in die omgewing van \$1,000 per fynons. Die prys word ondersteun deur die swak vertoning van die dollar en die soeke na veilige beleggings in 'n onsekere wêreld waar verwag word dat inflasie mettertyd 'n ernstige probleem sal word. Dit word ook ondersteun deur die spekulasie dat olie en ander kommoditeite nie meer in dollar verhandel sal word nie. Dit klink na dieselfde argumente wat ek reeds sedert 1979 hoor. Ek aanvaar dat daar wel diversifikasie plaasvind, maar die dollar sal geruime tyd steeds met ons wees as die belangrike verhandelingsseenheid. So wees maar versigtig vir enige skielike en skerp aanpassing in goud- en ander kommoditeitspryse!
- Die olieprys is steeds baie hoër as wat die vraag/aanbodssituasie aandui. Voorrade bly baie hoog terwyl die vraag matig is solank die wêreld ekonomie nie sterk groei nie. Die oliebulle vertrou dat die voorspellings van sommige weerprofete dat die noordelike halfrond 'n baie koue winter tegemoetgaan wel meer akkuraat sal wees as wat ekonomiese voorspellings die afgelope tyd was. Die voorraadvlakke dui daarop dat die olieprys eerder in die omgewing van sowat \$50/vat as die huidige meer as \$70/vat behoort te wees.

Plaaslik

- Die jongste gegewens dui daarop dat die ergste afswaai van die resessie in die plaaslike ekonomie, soos in die geval van die internasionale ekonomie, in die laaste kwartaal van 2008 en eerste kwartaal van 2009 ervaar is. Die afswaai is in die RSA versag deur die infrastruktuurprogramme wat reeds aan die gang was ter wille van die 2010 sokkertoernooi asook die agterstande wat oor die afgelope 15 jaar opgebou is. Verbruik is ook gestimuleer deur laer belastings en sterk toenames in welsynstoelaes in die afgelope paar jaar. Ongelukkig is die wanbalanse wat tussen die vraag en die produksiesektore van die ekonomie ontstaan het, steeds nie behoorlik aangespreek nie. Terselfdertyd is die voortgesette hoë vlakke van verbruikerskuld steeds 'n beperkende faktor vir kredietskepping en dus enige herstel van die plaaslike ekonomie. Die sterk vertoning van die rand is ook nie bevorderlik vir ekonomiese groei in die plaaslike ekonomie nie.
- Die tweede kwartaal het 'n surplus op die handelsrekening van die betalingsbalans getoon weens die herstel van mineraaluitvoere na China terwyl plaaslike invoere gedaal

het. Ek was van mening dat uitvoere nie vanjaar sou herstel nie, maar het nie rekening gehou met die sterk aanvraag uit China sedert Maart nie. Terselfdertyd was invoere ook swakker as wat ek verwag het. Die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal het ook weer op dreef gekom soos beleggers en spekulante risikovermyding ter syde gestel het soos die herstel van die internasionale ekonomie waargeneem is. Die verbetering van die betalingsbalans in die tweede kwartaal was baie welkom, maar dit is te betwyfel of dit enigsins volhoubaar is. Volgens my mening bly die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans, sowel as die finansiering daarvan met die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal 'n probleem wat nie deur die owerhede geïgnoreer kan word nie.

- Die begrotingstekort van die sentrale regering kan wel in vanjaar se fiskale jaar 7% of meer van die bruto binnelandse produk beloop. Die groot vraag is hoe die regering besteding wel onder beheer kan hou,terwyl inkomstebronne beperk raak weens die resessie en swakker toekomstige ekonomiese groei. Dit sal nogal 'n welkome verandering wees indien die owerhede eerder klem begin plaas op die bekamping van onnodige staatsuitgawes eerder as om die laaste sent uit elke belastingpligtige te wurg. Verder sal dit ook baie welkom wees indien die klem van die fiskale beleid verskuif van die stimulering van verbruik na die stimulering van produksie. Die dissipline wat mens op sentrale regeringsvlak verwag – behalwe in die geval waar die motor- en verblyfbedrywe ondersteun moet word – behoort ook op provinsiale vlak gehandhaaf te word. Of daar enige salf aan plaaslike owerhede se finansies gesmeer kan word sonder dat die nodige kundiges aangestel word, is te betwyfel. Die risiko's op hierdie terrein word al hoe groter.
- Die welkome afwaartse tendens van die verbruikersprysindeks duur voort. Die sterk rand en die invloed wat dit op ingevoerde pryse het, kan nie gering geskat word nie. Ongelukkig bly die hoë salaris- en loonstygings, die skerp toename in plaaslike owerhede se tariewe en die verdere skerp toenames wat in elektrisiteitstariewe verwag word faktore wat die verdere afname van die inflasiedruk ondermyn. Ek is steeds van mening dat dit baie moeilik sal wees om die inflasiekoers volhoubaar onder 6% te hou.
- Die aanduidings is dat werkloosheid verder sal toeneem. Die gebrek aan benutbare opgeleide persone, sal die groeipotensiaal van die plaaslike ekonomie in die langer

termyn steeds ondermyn – selfs al word die administratiewe las van onderwysers nou minder gemaak.

- My verwagting is dat korttermynrentekoerse stabiel sal bly op huidige vlakke tot minstens die middel van 2010.
- My verwagting is dat langtermynrentekoerse in komende maande steeds onder opwaartse druk kan kom weens die sterk toename in die finansieringsbehoefte van die openbare sektor, asook inflasie wat nie in die langtermyn onder beheer kom nie.
- Die rand was die afgelope paar maande besonder sterk. Alhoewel die sterk rand bydra tot die afname in inflasiekoerse, ondermyn dit die mededingendheid van plaaslike produsente in die plaaslike sowel as internasionale markte. Indien die rand op huidige vlakke moet bly in die volgende ses maande kan dit ernstige skade aan die plaaslike produksiesektore van die ekonomie veroorsaak wat tot groter toekomstige tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans kan lei asook tot verdere toenames in werkverliese.

Beleggingsomgewing

- Valutamarkte: die dollar word tans verkoop omdat daar vrese in hierdie markte is dat daar te baie geld in die VSA geskep word. Dit lei tot 'n ooraanbod van dollars en kan tot inflasie aanleiding gee. Dit lei tot die versterking van alle ander geldeenheide – selfs die jen versterk nieteenstaande baie lae kort- en langtermynrentekoerse en 'n owerheidsomgewing wat nie juis baie vertrou inboesem nie. Terselfdertyd baat alle geldeenheide van ontluikende lande en veral die rand baie by die afname in risikovermyding wat reeds sedert Maart aan die orde van die dag is. Geldeenheide van lande wat veral kommoditeite uitvoer, soos Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Brasilië en die RSA baat by die huidige omstandighede. Ek is steeds van mening dat dit nog nie klaarpraat met die VSA dollar is nie – dis steeds die geldeenheid van die grootste ekonomie.
- Korttermynrentekoerse: die aanduidings is dat die hierdie koerse nie spoedig in die meeste groot nywerheidslande sal styg nie. Die uitsondering is Australië wat ook die uitsondering was om nie in 'n resessie te beland nie. Tans is daar steeds sprake dat hierdie koerse gedurende 2010 sywaarts sal beweeg. In die RSA is die risiko dat hierdie koerse wel in 2010 effens kan styg indien inflasie nie onder beheer kom nie.

- Langtermynrentekoerse: tans is hierdie koerse aan't daal in die groot nywerheidslande. Dis weens die vrese dat ekonomiese groei baie moeisaam en langzaam sal herstel en dat inflasie nie in die nabye toekoms 'n probleem sal wees nie. Plaaslik is die aanduidings steeds dat hierdie koerse kan styg weens die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor asook die vrese dat inflasie nie volhoubaar binne die mikpunte sal beweeg nie.
- Aandelemarkte: aandelemarkte het sedert Maart baie sterk herstel getoon. Dit kan gesien word as 'n reaksie op die oormatige daling wat plaasgevind het weens die diep resessie wat gevrees en ervaar is in die vierde kwartaal van 2008 en eerste kwartaal van 2009. Tans is die bekommernis dat baie van die herstel te danke is aan die groot stimulus pakette van die verskillende regerings, die onsekerhede wat die ekonomiese en finansiële tendense in die afsienbare toekoms sal wees en die behoefte aan likiditeit. Maatskappyresultate is tans steeds beter as verwag, maar die hoofrede is in baie gevalle die afname in kostes – veral mense waarvan ontslae geraak word – eerder as die toename in winste. Dit wil voorkom asof baie aandeelpryse tans baie optimisties oor winsvooruitsigte is oor die volgende jaar of twee.
- Kommoditeite: kommoditeitspryse is die afgelope tyd die hoogtes in weens die swak vertoning van die dollar, die sterk aankope van China, die groot hoeveelheid likiditeit wat in die wêreld aanwesig is en die bekommernis dat die vraag mettertyd weer eens die aanbod skerp sal oorskry. Of die huidige vlakke egter volhoubaar is indien die likiditeit in die wêreld verminder, bly steeds 'n kwelvraag.

Ulrich Joubert

10 Oktober 2009

Hoewel moeite gedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik op te stel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir besluite wat op grond van die inligting hierin geneem word nie.